Dinsdag **17 Desember**

**Skrifgedeelte: Galasiërs 4:1-7 (AFR53)**

**Fokusgedeelte: Galasiërs 4:5**

**Nie meer slawe nie, maar kinders van God**

Galasiërs is aan gelowiges geskryf wat deur dwaalleraars geteister is wat hulle onder wette wou dwing. Volgens hulle is Christus alleen nie genoeg vir redding nie. Van die Galasiërs en baie mense vandag glo hierdie leuen en draai weg van die evangelie af. In Galasiërs word hulle en ons herinner: Daar is slegs in Jesus Christus ware vryheid. Ons word deur Christus alleen gered. Hy het gekom om mense wat slawe was, los te koop, sodat hulle kinders van God kan wees.

Elke mens is sonder Christus ’n slaaf wat geen regte het nie en wat geen besluite kan neem nie. Elke mens word oorheers deur sy sondige drifte en drange. Net soos die Jode hulleself deur die wet probeer vrymaak het, het die heidene hulleself probeer vrymaak deur hulle afgodediens, waaragter die bose geeste sit. Die mens is ’n slaaf en sal ’n slaaf bly as hy aan homself oorgelaat word.

MAAR God het sy Seun gestuur. Hy word gebore uit ’n maagd. Ware Mens, maar sonder sonde. Hy is gebore onder die wet – sodat Hy sy mense wat onder die wet is, deur sy gehoorsaamheid kan loskoop. Hy gee sy geregtigheid vir hulle en neem hulle sonde op Hom. So maak Hy mense wat slawe was, kinders van die God. Deur geloof is hierdie vryheid en kindskap joune in Jesus Christus.

Die Heilige Gees werk in God se kinders. Hy bring hulle tot die belydenis: Die Almagtige God is deur Christus ons hemelse Vader. ’n Belydenis wat met ’n lewe tot God se eer bevestig word. Deur Christus erf mens alles wat God gee – alles vir hierdie en die ewige lewe.

Moenie jou troos in afgode of reëls soek nie. In Christus is ’n mens nie meer ’n slaaf nie, maar ’n kind van God. Glo in Hom. Vertrou op Hom. Hy gee ware en ewige troos.

*Sing: Psalm 71-1:1, 9, 14*

*Ds. GP (Gerrie) van Rhyn (Komatipoort)*